CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
ASPU
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.
JAARGANG XXXV NOMMER 2 8 FEBRUARIE 1980

TOPS
Uitsig Deurloop
Tel. 21112
VIR: Rekenaars
Witjasse
Dissekteerstelle
Skoonheidsmiddels
Geskenke

# Oefeninge finaal verbied

Aalwyn van der Linde

**Nádat die rektor, Prof. Tjaart van der Walt, Donderdagaand by 'n dorpskoshuis ingestap het en daar ontdek het dat die eerstejaars besig is met liggaamsoefeninge onder toesig van die huiskomitee is dit die volgende dag duidelik gemaak dat die Raad van die universiteit dit summier verbied.**

Eerstejaars doen nou slegs in die oggend, onder toesig van die Departement van L.O., liggaamsoefeninge. Geen senior of HK-lid mag eerstejaars op enige ander tydstip aan oefeninge onderwerp nie.

Die hele geskil het ontstaan toe ontdek is dat die Raad en die SSR mekaar misverstaan het. Die SSR het die konsensus-besluit wat op die Kampusfokuskamp geneem is anders geïnterpreteer as die Raad.

SSR-lede moes Vrydagaand inderhaas bymekaargekry word vir 'n vergadering saam met prof. Van der Walt. Daarna het die SSR 'n mosie opgestel waarin hulle probeer om 'n mate van LO deur Huiskomiteelede in die aand wanneer die seniors terug is te behou. Die versoek is egter summier deur die Raad afgekeur.

**Lees volledige berig op bladsy 3.**



*Vier bekende sportvroue het vanjaar by die PU ingeskryf. Hulle het reeds by die eerstejaarsatletiekbyeenkoms bewys dat hulle nog groot hoogtes gaan bereik. V.l.n.r. Marié Buys (middelafstand), Vicki Pretorius (300m hekkies), Elda Fouche (middelafstand) en Barbara Kuhn (verspring en 100m hekkies).*



*Net soos die Pukke elke jaar uitsien na 'n vars nuwe jaar se begin, so geniet hulle die ontmoeting met die nuwe eerstejaars. Hier is die groentjies nog "veilig" in Ma en Pa se hande.*

# Werksgeleenthede minder as arbeidspotensiaal

**Die vermoë van die ekonomiese kapasiteit om meer werksgeleenthede te skep, groei teen 'n stadiger tempo as wat die bevolking en dus die arbeidsmag toeneem, sê dr. P.C. Schutte, 'n senior lektor in Ekonomie aan die Potchefstroomse Universiteit.**

Dr. Schutte vertrek middel Februarie vir twee maande lank na die buiteland. Hy sal in die Verenigde State en Brittanje navorsing doen oor alternatiewe metodes om meer werksgeleenthede te skep.

'n Ekonomiese groeikoers van vyf persent sal nie die werkloosheidsprobleem oplos nie. Dit sal die probleem hoogstens tydelik verlig.

Dr. Schutte doen die afgelope twee jaar al navorsing oor werkverskaffing. Hy gaan sy navorsing toespits op die effektiewe metodes om meer werksgeleenthede te skep. Dr. Schutte beweer dat om slegs te streef na die beste ekonomiese groeikoers onvoldoende is.

Dr. Schutte sê die VSA en Brittanje het 'n lang geskiedenis van werkloosheid en die verligting daarvan. Hy gaan dié sisteme en metodes bestudeer en dan aanpas vir die Suid-Afrikaanse opset.

Dr. Schutte sal 'n verslag opstel oor sy navorsing en bevindinge wanneer hy terugkeer.

# Koos du Plessis sing op kampus

Johan Myburg

**Koos du Plessis sing op die kampus! Dis SKEMERVONKEL, die gewilde sleeptydprogram van die Departement Spraakleer en Drama, wat reeds vroeg in die jaar vonkel met dié gewilde sanger.**

Van 25 tot 29 Februarie bied Koos du Plessis van "Kinders van die wind"-faam sy program "Koos du Plessis sing . . ." aan. Professor Teunis Botha neem die regie waar.

Die tyd van die opvoering is 19h30 tot 20h30. Dit is 'n uur later as gewoonlik, maar vir hierdie program is die verandering onvermydelik.

Plekbespreking kan gedoen word by mev. G. Botha by Hoffmanstraat 4. Die toegang van R1,50 sluit sjerrie en soutigheidjies in.

# Studente betaal R2,76 per dag

**Studente betaal (R720 — 260 dae) 'n bedrag van R2,76 per dag om in koshuise te bly.**

Die onderstaande uiteensetting gee die persentasie wat aan elke item spandeer word in verhouding tot die totale begroting.

| Uitgawe item | % | van R2,76 |
|---|---|---|
| Voorraad: | | |
| Kosware | 37 | R1,04 |
| Brandstof | 03 | ,09 |
| Skoonmaakmateriaal | 04 | ,09 |
| Dienste: | | |
| Lone | 09 | ,25 |
| Krag en water | 02 | ,05 |
| Wassery | 04 | ,10 |
| Herstelwerk: | | |
| Geboue | 04 | ,10 |
| Meubels en toerusting | 03 | ,09 |
| Ander: | | |
| Salarisse | 08 | ,23 |
| Administrasie | 03 | ,09 |
| Huurgeld en rente op lenings in koshuise | 23 | ,63 |
| | 100% | R2,76 |

Die prys van kosware is so laag omdat dit in groot maat aangekoop word. Daarby word gedurende naweke slegs vir die studente wat in die koshuis aanbly, voorsorg getref.

Een van die grootste probleme wat die koshuisadministrasie ondervind is dat die inwoners wat naweke weggaan, nie hul etes kanselleer nie. Studente kan kostes laag hou deur te let op kosware, brandstof, geboue en meubels en toerusting. Die hoof van koshuisadministrasie vra studente om, ten opsigte van bogenoemde, verantwoordelik op te tree.



Die Student se Bank.

As student is jy voor in ons boek.

Kyk net na ons dienste vir studente:
Spaarrekeninge
Laekoste-tjekrekeninge
Versekering
'n Studentesakebestuurder wat jou taal praat.
Kom gesels gerus met ons.

Daar steek meer in bankwese by die Professionele Mense.

BARCLAYS

Barclays-Nasionale Bank Beperk • Geregistreerde Handelsbank

JWT J WALTER THOMPSON 7324/A

die WAPAD

**• EERSTEJAARS VERRAS**

**Dit gebeur nie dikwels dat seniorstudente die getallemeerderheid van eerstejaars fisies aanvoel nie. Die vermeerdering in getalle van die eerstejaars is vanjaar werklik opvallend. Dié verskynsel voorspel buitengewone potensiaal wat in die toekoms tot voordeel van die universiteit behoort te strek.**

**• KOSHUISADMINISTRASIE**

**Die toeganklikheid van die personeel van koshuisadministrasie moedig studente aan om probleme op hierdie gebied met die regte persone op te neem. Studente het meer vrymoedigheid om die personeel van koshuisadministrasie te nader met redelike versoeke, in die wete dat hulle probleme aandag geniet.**

**• ORIËNTERING**

**Dit is belangrik dat elke seniorstudent hom of haar deeglik van die nuwe besluite oor fisiese oefeninge wat deur eerstejaars gedoen word, moet vergewis. Hierdie besluite is finaal geneem, en moet in belang van die PU en ook van elke student stiptelik nagekom word. Senioriteit en verantwoordelikheid sal duidelik blyk uit die handhawing van hierdie wending in oriëntering.**

## Uit die woord

**Die lagtyd van die jongeling**

**Spreuke 15:13(a): "'n Vrolike hart maak die aangesig bly . . ."**

*• OPPERVLAKKIG VROLIK*

*Ag hoe lekker kan die wêreld rondom ons soms lag en baljaar. 'n Vrolike wêreld . . .?*

*Kyk ons egter dieper na die hart van daardie wêreld dan merk ons agter daardie vrolikheid 'n diepe neerslagtigheid, 'n donker wanhoop, 'n knaende vrees.*

*Agter die oppervlakkige vrolikheid is daar —*
*die traan in die oog;*
*die frons op die voorkop;*
*geen blye vonkel in die oog nie.*

*En die raad van Salomo is nie kosmetiese chirurgie nie, want dit is nie die gesig wat die probleem is nie, maar die hart. As die hart waarlik reg is, dan moet dit buite op die gesig wys. Die gesig is die uithangbord van die hart.*

*• CHRISTEN VROLIKHEID*

*In die hart van die Christen kan tog geen verdriet wees nie, maar blydskap. Ons glo tog in die ware Evangelie en evangelie beteken blye boodskap. Die blye boodskap is dat God die Vader ons in Christus as sy kinders aangeneem het. Dat Hy ons troos met die nuwe lewe in Christus — 'n lewe van ewige blydskap en vreugde. Juis daarom is die vrolike aangesig so eg-eie aan die Christen want in die hart is daar ewige blydskap.*

*• STUDENT 1980*

*Dit is eintlik maar nog die begin van 1980. Die begin van nog 'n akademiese jaar. Vir baie die begin van hulle studentelewe.*

*Studentelewe is die lagtyd van die jongeling. 'n Kampus vol blye gesigte. Dit is mooi; dit moet ook.*

*Maar onthou:*
*Jy wat jou blydskap in die Here anker.*
*Jy wat jou hart voed met die blye evangelie van Gods Woord.*
*Vir jou is dit nie valse vreugde nie, maar ware vreugde.*
*Jy kan gehoor gee aan die wekroep van die Prediker: "Verbly jou, o jongeling, in jou jeug en laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid . . ."*

*Studentelewe — die lagtyd van die jongeling. Advies vir jou: 'n vrolike hart maak die aangesig bly. 'n Hart waarin die Heilige Gees woning gemaak het. — Ds. S.J. van der Walt.*

# ORIËNTERING 'N STAP VERDER

**Aalwyn van der Linde**

**Na samesprekings tussen die Rektor en die SSR op Vrydagoggend 1 Februarie 1980 is op die volgende besluit:**

In verband met Kampusfokus-konsensuspunt no 7: "Slegs die HK-lid wat daarvoor verantwoordelik is mag opdragte tot fisiese aktiwiteite aan eerstejaars gee en ook slegs binne die amptelike tye daarvoor."

Dit moet nou soos volg lui: Alle fisiese aktiwiteite in die lyn van LO in die oggende of op enige ander tyd gedurende die dag of aand is ontoelaatbaar. Dit hou in dat eerstejaars SLEGS soggens volgens die voorgeskrewe program fisiese aktiwiteite mag uitvoer. Op geen ander tyd mag hulle opdragte tot fisiese aktiwiteite ontvang nie. Geen senior en geen HK lid mag dus 'n eerstejaar opdrag gee om bv. opstote te doen wanneer die betrokke eerstejaar oortree nie. Fisiese aktiwiteite mag dus nie as strafmaatreël of aanmoedigingsmaatreël of enige iets dergliks aangewend word nie. Wanneer 'n eerstejaar wel oortree (laat kom, nie 'n senior se naam ken nie, astrant is, ens.) moet 'n ander vorm van straf (bv borsel) aangewend word en slegs die HK mag hierdie straf toepas.

Hierdie verandering is deur die Rektor Prof. T. v.d. Walt aangebring na 'n insident vroeër verlede week met Villiagers. Skynbaar was daar 'n interpretasie-verskil tussen die owerhede en SSR-lede en huiskomitees. Laasgenoemde groep se standpunt is dat liggaamlike oefeninge ook toegepas moet word as 'n dissiplinêre maatreël, en om 'n eenheidsgesindheid tussen eerstejaars op te bou. Volgens die owerhede mag liggaamlike oefening nie as 'n strafmaatreël gebruik word nie. Die gevolg is nou dat LO slegs in die oggende mag geskied onder die regte leiding.

'n Spesiale SSR-vergadering is dieselfde middag belê. Dit het 3 ure geduur en die SSR het die saak baie indringend en deeglik bespreek. Die volgende mosie is met 15 teen 3 stemme aangeneem:

Dat die SSR kennis neem van die besluit van die Rektor, en die Raad soos voorgehou op 1 Februarie 1980 aan die SSR.

Dat die SSR nie sy instemming met hierdie besluit kan verklaar nie.

Dat die SSR voel dat gekontroleerde dissiplinêre maatreëls toegelaat moet word gedurende die volle amptelike oriënteringstyd, asook enkele ligte oefening en dat ernstige aanklagtes teen eerstejaar studente na die HK verwys moet word.

Dat oorspronklikheid ten opsigte van positiewe oriënteringsaktiwiteite onder seniors aangemoedig moet word.

Dat die HK's en SSR-lede streng kontrole hou oor hierdie saak.

Bogenoemde besluit soos deur die Rektor aangekondig, is moeilik uitvoerbaar weens die volgende redes:

Hierdie besluit sal onbetrokkenheid in die studente aktiwiteite aanhelp.

Fisiese uitputting sowel as sportbeserings sal geneutraliseer word deur die toepassing van maatreëls soos genoem in punt 3 en die kort tydsbestek van oriënteringsessies.

Die besluit soos genoem in punt 1 sal aftakeling van eerstejaarstudente se persoonlikhede aanhelp weens die gebrek aan 'n metode om gesonde groepsgees onder eerstejaarstudente te laat ontwikkel.

Die dissipline onder eerstejaarstudente sal daaronder ly.

Indien die maatreëls soos genoem in punt 3 nie vir die Raad aanvaarbaar is nie, lê die SSR hom by die besluit neer en verklaar hom bereid om dit toe te pas.

Die mosie is voorgelê deur die SSR-voorsitter en Adjunk-voorsitter aan die Rektor. Alles is aanvaar behalwe "asook enkele ligte oefeninge" m.a.w. die besluit dat geen fisiese aktiwiteite deur eerstejaars saans verrig mag word nie, word gehandhaaf.

'n Derde vergadering is vrydagaand belê tussen die SSR-lede en alle huiskomitees. Hierdie vergadering was gekenmerk deur twee standpunte naamlik:

Diegene wat die Rektor heelhartig steun en dit as 'n uitdaging aanvaar om oriëntering op 'n oorspronklike en positiewe wyse uit te bou.

Die tweede groep het hulle sterk teen die besluit van die Rektor uitgespreek. Hulle is van mening dat liggaamlike oefening as strafmaatreël steeds toegepas moet word en dat dit 'n doeltreffende manier is om gesag en dissipline oor die eerstejaars te handhaaf. Twee ander standpunte is ook deur hierdie groep voorgelê, nl.:

Indien die liggaamlike oefening soos in konsensuspunt no. 7 nie toegepas kan word nie, hulle geen verantwoordelikheid kan aanvaar vir diegene wat die reëls oortree nie. Slegs met behulp van konsensuspunt no 7 sal hulle beheer oor seniors kan handhaaf.

Hierdie groep voel ook dat die owerhede stelselmatig besig is om oriëntering af te skaf, en hulle wil dit probeer verhoed.

Die vergadering is ook gekenmerk deur lewendige bespreking en op 'n stadium het sommige huiskomiteelede gedreig om te bedank indien liggaamlike oefening as 'n dissiplinêre- en eenheidsmaatreël afgeskaf word. Ander was van mening dat eerstejaars maar heeltemal soos seniors behandel moet word, as die fisiese aspek van oriëntering verwyder word.

Die vergadering is egter daarop gewys dat niemand behalwe hulself ontevrede sou wees nie.

As Huiskomitees en SSR-lede nie bereid is om reëls toe te pas nie, is hulle verplig om te bedank, want die oomblik wanneer 'n HK- of SSR-lid vir die pos gekies word, onderneem hy om die reëls te gehoorsaam en toe te pas.

Die vergadering het hulle na 'n uur berus by die besluit van die Rektor, alhoewel hulle dit graag anders wou hê.

Ander besluite wat geneem is:

Koshuise word versoek om nie uitermate hard te raas wanneer hulle soggens afbeweeg na die Fanie du Toit-sportterrein nie.

Eerstejaars mag elke dag tussen 13h00 en 14h00 telefoonoproepe maak. Hulle mag egter enige tyd oproepe ontvang en alle posstukke moet ook aan hulle oorhandig word.

Alle oriënteringsaksies moet op die kampus (PU terrein) plaasvind. Die laaste aand mag hiervan afgewyk word indien daar met die huisvader vooraf oorleg gepleeg is.

Alle beserings of siektes onder eerstejaars moet dadelik by die SSR se Adjunkvoorsitter aangemeld word. Dit behels 'n skriftelike uiteensetting van die aanloop tot die besering, die aard van die besering en hoe die saak hanteer is. Die primaria/us en die betrokke eerstejaar moet albei hierdie verslag onderteken.

# Eerstejaars misgun hulself 'n voorreg

**Dorpskoshuise vind dat eerstejaars versuim om vir oriëntering op te daag.**

Hierdie is volgens die primarius van Villagers 'n ernstige probleem omdat eerstejaars hulself die voorreg misgun om 'n stewige koshuiseenheid op te bou.

Die huisvaders was egter van mening dat hierdie eerstejaars nie uit hul ouerhuise geruk mag word nie, maar dat 'n beroep op hulle samewerking gemaak kan word.

DIE WAPAD WORD GEDRUK DEUR PROMEDIA

Welkom Eerstejaars!
Die winkel vir die student is

HUIS EN TUIN

Ons het alles wat u nodig het.
Leeslampe
Elektriese benodighede
Slotte

Tomstraat 82, Die Bult

Welkom aan die Eerstejaars en baie sukses met die Akademiese Jaar.
Besoek ons vir al u Aptekersbenodighede, asook Disseksiestelle en Wit Jasse.
U is baie welkom by ons!

DIE BULT APTEEK

Tomstraat 88

# UITTEKENSTELSEL GAAN MOONTLIK VERBETER

**As gevolg van die huidige ondoeltreffende uittekenstelsel, word 'n stelsel voorgestel wat eenvormig, realisties en beter kontroleerbaar is. Dié voorstel kom van die Huiskomitees van dameskoshuise aan die PU.**

Eerstejaars moet reeds teen 19h30 in wees. Van 19h30 tot 21h00 sal hulle met studie besig wees. Eerstejaars sal soos altyd slegs twee laataande per semester hê.

Tweedejaars sal twee laataande per maand hê. Verder bly alle reëls ten opsigte van hierdie groep dieselfde.

Senior (derde- en vierdejaars) het elke aand 'n laataand, maar moet vanaf 19h30 uitteken ter wille van kontrole.

**MOTIVERINGS**

As gevolg van akademiese uitslae en onverantwoordelikheid dink die dames dit is noodsaaklik om studietyd vanaf 19h30 tot 21h00 in te ruim vir eerstejaars.

Tweedejaars is nog nie volwaardige seniors nie en kan dus nie seniorvoorregte geniet nie. Na eerstejaarsgebondenheid kan tweedejaars nie summier losgelaat word nie, omdat onverantwoordelikheid steeds 'n probleem bly by hierdie jaargroep.

Op 'n gekontroleerde wyse wil hulle aan seniors volle verantwoordelikheid gee, omdat die seniors se verantwoordelikheidssin só ontwikkel behoort te wees dat hulle nie misbruik sal maak van hierdie vryheid nie.

Die huidige stelsel bepaal dat seniors minstens een aand in die week nie 'n laataand mag hê nie. Dit is egter onnodige administratiewe werk, om te kontroleer of seniordames minstens een aand in die koshuis bly.

**EKSAMENTYE**

- Algemene laataande strek tot 21h00.
- Vanaf 21h00 tot 23h00 moet daar uitgeteken word, en is daar kontrole by die voordeur.
- Koshuise sluit om 23h00.
- Bogenoemde reëls geld van Maandae tot Donderdae.
- Naweekreëls bly onveranderd.

**STUDENTESENTRUM**

Om eenvormigheid tussen die dameskoshuise te verkry, is bepaal dat 'n uittekenboek vir die studentesentrum beskikbaar gestel word.

Seniors mag elke weeksaand vir 'n driekwartier vanaf 20h00 vir kafeteria uitteken. Eerstejaars mag van 21h00 uitteken vir kafeteria. Vir sport by die studentesentrum kan onbeperk uitgeteken word. Die sportsoort moet egter aangedui word.

Of hierdie metode doeltreffend en prakties geïmplementeer kan word, is deur sommige lede in twyfel getrek.

Die tienminute en halfuurreël sal verval.

'n Naweekuittekenboek vir kontrole en eetsaalgebruik bly egter baie belangrik, omdat die koshuisadministrasie hierdeur kostes kan besnoei.

'n Effektiewe interkoshuisstelsel sal ingestel word.

Eenvormige boetes sal deur die koshuise vasgelê word vir dames wat oortredings begaan.

Maandae sal 'n algemene laataand tot 22h00 wees vir alle seniors. Daar bestaan wel sprake dat hierdie tyd vervroeg sal word.

'n Interklokstelsel sal aangevra word vir die dames wat ná sluitingstye in die koshuis wil inkom.

Daar is ook voorgestel dat daar 'n toe naweek per maand moet wees, sodat betrokkenheid by kampusaangeleenthede aangemoedig kan word.

'n Probleem wat opgeduik het is dat sommige dames vir die biblioteek uitteken en 'n draai by die kafeteria ook gaan maak. Sommige persone was van mening dat hierdie 'n swak plek in die hele uittekenstelsel is en dat daar iets aan gedoen moet word.

Hierdie hele stelsel is nog nie in werking nie, en is onderhewig aan veranderings. Die dames hoop egter dat hierdie stelsel spoedig toegepas sal kan word.



Eerstejaars nog salig onbewus van die seniors wat kom.

# WANDA SE DORELIED WEN

**WANDA het die jaarlikse Dorelied-kompetisie gewen. Verskeie uitdunne is gehou totdat slegs WANDA, KLAWERHOF en DINKI oorgebly het. Die finale beslissing was tussen DINKI en WANDA.**

Die kompetisie is vanjaar in Voorhuis-eetsaal gehou en alle Kampusfokusgangers het dit bygewoon. Slegs die mans was stemgeregtig.

Daar is slegs een verandering gemaak aan die Dorelied van WANDA deurdat 'n refrein van een van die ander Doreliedere ingevoeg is. WANDA se lied is besonder uitvoerbaar, het 'n goeie wysie, die woorde is goed in verhouding tot mekaar en daar is genoeg gebare om die lied nog meer oorspronklik te maak.

Die enigste troeteldier wat die keuring bygewoon het is Gonnie die seekoei van Heide en volgens hulle primaria, Christene Fourie, het Gonnie dit baie geniet.

# Interessante sprekers kom vanjaar

**Die Politiese Raad wil vanjaar meer studente by studentepolitiek betrek. Om dit te bereik gaan hulle 'n intensiewe opleidingsprogram van stapel stuur. Die opleiding sal weekliks 'n uur lank duur.**

Die Politiese raad wil sprekers soos mnr. Gatsha Buthelezi, prof. Nic Wiehahn, die Eerste Minister en min. P.W. Botha uitnooi om op die PU te kom praat. Ander moontlike sprekers is mnre. Jaap Marais, Vause Raw, drr. Danie Craven, Qoboza en W. de Klerk.

Die Politiese Raad wil ook vanjaar weer studenteparlement hou. Studenteparlementslede sal die standpunt van die koshuis wat hulle verteenwoordig moet verdedig. Om dit te bereik sal gesprekke oor politiese sake in koshuise gestimuleer moet word.

# KAMPUSLOSIES

**Die moontlikheid dat koshuise vir getroudes opgerig gaan word, is tydens Kampusfokus bespreek.**

Vereistes vir getroude persone om vir so 'n woonstel te kwalifiseer, is dat albei aan die PU moet studeer.

Subsidieprobleme ontstaan indien een van die twee nie 'n Puk-student is nie. 'n Ondersoek het aan die lig gebring dat getroude studente belangstel in kampuslosies.

# Nuwe leiers

**Die volgende koshuise het nuwe primarii en primarias:**

KARLIEN: Mej Saartjie de Villiers en onderprimaria mej. Annie Bodenstein.

HEIDE: Mej Christene Fourie

HOMBRÉ: Mnr Michiel Jacobs

THABA JÄH: Mnr André Marais

# KAARTJIES VIR MIDDAGETE

**'n Kaartjiestelsel is deur Mej. Wendri Oosthuizen, primaria van Klawerhof, vir middagetes in die kafeteria aangevra. Volgens mej. Oosthuizen sal 'n kaartjiestelsel organisatoriese probleme vergemaklik.**

Die moontlikheid word ook ondersoek dat 'n kaartjiestelsel in koshuise gebruik sal word. Hierdeur sal vasgestel kan word hoeveel persone per ete opdaag. Volgens die koshuisadministrasie kan hierdie metode besparings tot gevolg hê.

'n Versoek is deur Mej. Saartjie de Villiers van Karlien gerig dat ontbyt Sondagoggende na die koshuise gestuur moet word. "Kartondose met toebroodjies, pasteie en vrugte of ander voedsel moet na die sitkamers van koshuise geneem word, sodat die mans en dames hulself kan help," het sy voorgestel.


**Oulike koppies vir sleeptyd**



en talle ander aardigheidjies om 'n eerstejaar se kamer interessant te maak. Rakke vol van die oulikste goed om 'n dierbare maat se hart bly te maak. Net langs die INSLEEP-KAFEE.

**Insleep** -geskenkwinkel Gift Shop
TOMSTRAAT 100 TELEFOON 2-1033


# Liber Factus

**Liber Factus is 'n onderliggaam van Korpsraad wat verantwoordelike drankgebruik bepleit. 'n Bekendstellingsaand word op 14 Februarie om 20h00 gehou. Alle belangstellendes kan die vergadering ná die broseksamen bywoon.**

# Meer aandag aan foute

**Prof. Tjaart van der Walt het op die Kampusfokus '80-kamp aanbeveel dat die primarii en primarias in samewerking met hul huisvaders 'n volledige lys moet saamstel oor alle foute wat in hul onderskeie koshuise voorkom.**

Intussen word verneem dat sommige koshuise probleme ondervind soos dakke wat lek, swak wateren rioolstelsels en stukkende interkomstelsels.

Mnr. Dirk Coetzee, hoof van koshuisadministrasie, sê 'n nuwe herstelwerkprogram is in aksie gestel. Hiervolgens kry koshuise wat in die geheel die meeste probleme het, eerste aandag.

Mnr. Coetzee het bevestig dat dringende individuele sake ook aandag sal geniet.

Só kan verseker word dat die koshuisadministrasie onnodig kostes moet aangaan vir beskadiging wat deur die jaar aangebring word.

Volgens Prof. Van der Walt loop 'n koshuis die gevaar om beboet te word indien vasgestel kan word dat hy verantwoordelik is vir die fisiese beskadiging van PU-terrein.

Goeie nuus is dat huiskomitees gesubsidieer sal word indien nuwe aankope of versiering in koshuise aangebring wil word.


**POTCH INRY**

**FEBRUARIE** **TEL. 21881**

8 en 9de: 1ste vertoning: ICE CASTLES — Colin Dewhurst
2de vertoning: MURDER BY DIAREE — Christopher Plummer

11 en 12de: 1ste vertoning: DRACULA — Peter Cushing

13de tot 16de: 2de vertoning: AIRPORT '80 — Alain Delon



**guys & dolls**

vat dit kop toe!







Kom ons stel jou voor aan 'n nuwe dimensie in haargolwing: UNI-PERM met pH-balans! Dit lyk nes natuurlike krulle! Geen kroes-en-knoop bossiekop nie! Nog goeie nuus van Guys & Dolls is lae, lae pryse net vir studente! Wees 'n IN-ding! Bly voor met die jongste haarmodes! Altyd tot u vriendelike diens!
Die uwe,
GUYS & DOLLS, Tomstr. 82, tel. 8071.

# Pukke se atletiekspiere gaan vanjaar bult

**MNR. CHRISTO SNYMAN, atletiekafrigter van die Pukke, het Saterdag na afloop van die PU-eerstejaarsbyeenkoms op die Fanie du Toitsportterrein rede gehad om tevrede te glimlag oor die vertonings van die nuwelinge. Hy moes gewis etlikes opgemerk het met wie hy graag op die oefenveld nader kennis sal wil maak. Sekerlik sal die Pukke se atletiekspiere vanjaar beter bult as in 1979.**

Al was die baan nog sag na die deurdringende reën minder as twee dae voor die byeenkoms het minstens drie manne so indrukwekkend in die kort afstande vertoon dat daar geen twyfel hoef te bestaan dat die Puk se lang agterstand in die naellope eindelik weer opgevul is nie. Nasionale junior kampioen in die 100m, Innes van Rooyen, André Nel en Arnold Wessels (en selfs Boland Pienaar) kan waardige opvolgers word van Springbokke Tinus van Wyk, Willie van der Westhuizen, Willie Smit en Ben Klopper, voormalige blitse in Pukkleure.

Van Rooyen het op die stadige baan 'n blink driekuns behaal met tye van 10,7 in die 100 m, 22,1 in die 200 m en 51,7 in die 400 m. Hy kan as die grootste enkele aanwins beskou word. Sy grootste teenstand in die 100 m het gekom van André Nel (11,2) en Arnold Wessels (11,3). In die 200 m was Boland Pienaar (23,0), Wessels en Nel (albei 23,3) kort op sy hakke en in die 400 m het Johan Nel (54,7) en Pienaar (55,1) hom vir die grootste deel van die wedloop parmantig uitgedaag. Terloops, Van Rooyen, Pienaar en Wessels veral is ook kranige rugbyspelers.

Almal is tot veel beter tye in staat onder gunstige omstandighede. Nel het ook in die 110 m hekkies sy slag getoon met 'n skaflike 14,7. Koos Steyn (tweede in 15,7) is nog jonk maar beskik oor groot potensiaal.

Niccie du Plessis was die uitblinker in die middelafstande. Die 800 m het hy gewen in 1:56,2 en die 3 000 m in 9:32,8. In die 1 500 m het hy nie-amptelik 4:14,9 aangeteken maar is gediskwalifiseer omdat hy laat was by die wegspring. I. Bissema met 4:18,9 is tereg as wenner aangewys.

Marius van Wyk het die enigste nuwe rekord in die mansafdeling opgestel. Sy 6,85 m verbeter die ou rekord met een sentimeter.

Nog 'n rugbyman, Gert Smal, het hom onderskei. Hy was eerste in die spiesgooi met 57,66, in die skyfwerp met 36,86 en in die 400 m hekkies met 59,2 vir 'n knap driekuns.



*Nog 'n uitblinker tydens die eerstejaarsatletiekbyeenkoms was Nickey du Plessis wat be ide die 800 en 1 500 m gewen*



*Makliker kan André Nel nie oor die hekkies gly nie. Hy het Saterdag die 110 m hekkies met gemak gewen.*

### BARBARA KUHN

As 'n titel van Victrix Ludorum toegeken moes word sou dit na Barbara Kuhn gegaan het. Nadat sy in sowel die 100 m hekkies (14,9) as die 100 m (12,9) eerste oor die wenstreep is het sy in die verspring 'n nuwe rekordafstand van 5,75 m daargestel wat die ou rekord met 'n volle 35 sentimeter oortref het. Só word 'n rekord nie maklik verpletter nie.

Elda Fouché en Marié Buys het die louere in die middelafstande min of meer gelykop gedeel. Mej. Fouché het die 400 m in 62,2 voltooi teenoor mej. Buys se 63,9 en in die 800 m was hulle tye onderskeidelik 2:21,3 en 2:21,9. Mej. Buys, SA junior landloopkampioene, was in die 1 500 m maklik baas in 'n goeie 5:11,1.

Marthie Coetzer, nog nie heeltemal fiks na 'n besering nie, het verdienstelik afstande van 9,65 in die gewigstoot en 27,87 in die skyfwerp behaal. Ook Deborah Roos se 1,53 in die hoogspring was belowend.

### ANDER UITSLAE

Mans: W. Lombard 3 000 m stap 16:53,4; F. Botha paalspring 3,40; S. van den Berg hoogspring 1,90 en P. Harris gewigstoot 12,34.

Vroue: M. Opperman 200 m 27,4; E. Kotzé 400 m hekkies 77,0; M. Spoelstra spiesgooi 32,78.

'n Hele paar ander wat minder goed gevaar het kan dit met oefening heel ver bring.



*Met 'n vasberade trek op haar gesig wen Elda Fouche die 800 m.*

Referate
Werkstukke
Wat nog as jy dink aan netjiese
**Tikwerk**
Dink jy miskien jou Prof kan jou handskrif lees? Wel, mev. S. Ferreira sê sy kan! Wag tot op die nippertjie; "the impossible can be dealt with immediately!"
TARIEF PER BLADSY:
50 c dubbelspasiëring
55 c 1 1/2 spasiëring
60 c enkelspasiëring
MEV. S. FERREIRA
POTGIETERSTR. 85

**POTCH HEALTH STUDIO**
- *VERSLANKING*
- *FIGUUROEFENINGE*
- *LIGGAAMSBOU*
- *FIKSHEIDSKLASSE*
- *SAUNA*

*Die modernste metodes in ten volle toegeruste gimnasium.
*Studente slegs R10 per maand
Ander mense R20 per maand
Uitelgarkade Die Bult
Tel. 6846




## Springbok rig PU-muurbal af

**'n Afrigtingskursus vir muurbalspelers en afrigters is vanaf 29 tot 31 Januarie deur mnre. Allen Colburn, Springbok, en John Higgs, N.-Tvl, aangebied.**

Tien Pukke het die kursus bygewoon. Hulle is mnre. Jim van Zyl, Johan du Toit, Gerrie van Wyk, Leon Pretorius, Eddie Schoch, Anton de Villiers en mejj. Anet Theron, Louise le Roux, Etrisia du Plessis en Miempie Venter.

Die muurbalklub hoop om sy standaard te verhoog deur afrigting deur die jaar. Mnre. Van Zyl en Schoch sal nou ook as afrigters help.

## Studente span saam met personeel

**Die PU-personeelklub en die PU-studenteklub het besluit om saam te smelt. Dit sal administrasie en ligawedstryde baie vergemaklik.**

'n Hoër standaard in PU-muurbal sal bereik kan word as gevolg van dié samesmelting, aangesien kompetisie beter is. Dieselfde reëls sal vir studente en personeel geld. Ledegeld beloop tien rand en plakkertjies vir bespreking kos vyf sent per speler.

Die bane is oop van 07h30 tot 23h00 van Maandag tot Saterdag. Besprekings kan by die nuwe bane gedoen word.

## Pukke staan stewig

**KLERKSDORP**

Pukke se krieketspan het gistermiddag op Klerksdorp 'n stewige fondament gelê in hul Premierligawedstryd teen Klerksdorp. Die studente het goed weggespring met puik vennootskappe tussen Paul van Heerden en Alfons Meyer (66 lopies) en weer om die vierde paaltjie, tussen Meyer en Tjaart Marias (72 lopies).

Die studente kon 261 lopies aanteken in hul eerste beurt.

# PASOP KOVSIES!



*Dié groep Pukke is inderdaad 'n aanwins vir die Universiteit wat rugby betref. Van links af agter is André Markgraaff van die Universiteit se Sportburo, M. van der Merwe (Wes-Transvaal span), Jan Hendrik Nelson (Stelleland), André Nel (Suid-Oos Transvaal, Cravenweek), Gert Smal (Noord-Oos-Transvaal, kaptein van die span vir die Cravenweek) en Don Berry (Stellaland). Voor van links af is Gerard Kruger (Wes-Transvaal Cravenweek), Arno Wessels (Noord-Vrystaat atletiek en Cravenweek rugby), Tjaart Marais (Wes-Transvaal krieket en skolerugby), Dirk de Vos van die PU Sportburo, J. Moorcroft (SA Platteland en verbonde aan die PU Sportburo) en Inus van Rooyen (Cravenweek).*